# ANTARKTIKA

## GATSITDAG

## 9 NOV. 1966

ANTARKTIKA

1966

ONDERWERP:

Besoek aan die "Norweegse Substasie" wat byna in tragedie eindig.

Uittreksels uit die dagboek van Johann Schoonees , Mediese dokter , SANAE 7.

Vrydag 4 Nov. 1966

Vanmiddag het ek vir Willie van Staden (werktuigkundige) gehelp om die slees te herstel. Vanaand herstel hy die lekkende verkoeler van die muskeg ( kruiptrekker ) ( verbeel jou-- `n trekker wat `n verkoeler in Antarktika benodig! ) Môre moet ons substasie toe vertrek om kartering naby die see te gaan doen. Die substasie is `n klein basis amper by die see wat vroeër deur die Noorweërs op die oppervlakte gebou is as `n noodstasie en as `n basis vanwaar werk gedoen kan word. Ek, Huub Czanik en Fanie Venter (altwee wetenskaplikes), sal deur Willie daar afgelaai word. Hy kom dan terug met die muskeg. Ons sal dus al ons verkenningswerk daar te voet moet doen.

Sondag 6 Nov. 1966

Ek sit by die substasie en skryf. Die Bolinder kragopwekker pukke-pukke-pukke en die radiosender suis. Huub sit en lees en Faan krap die kastrol skoon. Dis net na aandete.

Gisteroggend is ons by die basis weg. Ek het die heel nag lê en lees en toe maar 6 uur opgestaan en vir Willie gaan wakkermaak. Jan Smit en Dave Homan ( albei wetenskaplikes ) het saamgery. Langs die pad het ek die D-arm sneeu- akkumulasie gemeet en Huub het`n klompie landmeterpale langs die roete verleng. Enigiets wat in Antarktika neergesit of ingeslaan word, verdwyn mettertyd onder die oppervlakte. By die "Plantasie" het ons ± 36 dromme vol brandstof uitgegrawe en twee slees vol gelaai. Hier is 700 dromme wat destyds van die skip gelaai is, maar nie na die basis geneem is nie omdat dit nie voor die somer benodig sou word nie. Dit is`n entjie van die see afgelaai en behoorlik met hope lang stokke gemerk, vandaar die naam " Die Plantasie"! Nou is die dromme reeds meer as 6 voet toegewaai, vasgevries in die ys en moet na die oppervlak gebring word met grawe en dooie koue vingers! Die stokke steek darem nog uit, Die weer was baie onplesierig. Die wind het 25 myl per uur gewaai en dit was dynserig en bewolk en die temperatuur in die omgewing van -30 * C. Lae jagsneeu het gesuis. Dit was bitter harde werk en ons was baie dors. Die primus kon nie vinnig genoeg sneeu smelt nie. Ons het selfs`n ekstra kastrol vol sneeu op die muskeg se ratkas gesit terwyl die engin loop.

By die substasie aangekom, vind ons dat die skag se valdeur weg is. Na`n rukkie se grawe vind ons dit 2—3 voet onder die sneeu. Die basis is nou 25 voet onder die oppervlakte. Willie het die kragopwekker aan die gang gekry en ons kon die lanterns doodblaas. Die substasie bestaan uit drie vertrekkies:`n kos voorraad-kamertjie wat ook die 25 voet skagleer ontvang, die kragopwekkerkamer en die eet-slaapkamer met radiosender. Ons het dadellik kos gemaak en toe is Willie, Jan en Dave 16h00 terug nadat hulle eers die 2 slees gaan aanhaak het.

Ek het uitgevee, reggepak, gewas wat vuil is en vars sneeu buite gaan haal. Dis die groot probleem hier: gebrek aan water terwyl Antarktika verreweg die grootste bron van vars water in die wêreld is! Drinkwater, skottelgoedwater, badwater, water vir kos--- alles moet gesmelt word.`n Kastrol vol sneeu gee net een-derde water. Die skag is nou so aangepak met ys dat mens net-net daarin pas. Ek het gesukkel om die 4 gellingkan met sneeu in te bring en

toe maar`n paal buite die skag ingeslaan om as katrol te dien en nou hys en laat sak ons die kan met `n tou. Die jagsneeu het kwaai in die skag af gewaai en ons moes`n plan beraam om die valdeur dig te kry. Die probleem was dat ons `n groot gat met die soekery na die valdeur gemaak het en as ons die valdeur net weer op sy ou plek terugsit, sal die gat toewaai en dan sal ons nie kan uitkom nie. Eers wou ons `n deur afskroef om die gat te bedek, maar ons kry toe nie `n skroewedraaier nie. Die enigste plan was om merkerspale plat oor die gat te sit en twee skaapvelkomberse bo oor te trek en die orige gate met planke te bedek. Dit is toe alles van onderaf gedoen. En dit lyk toe skaflik.

18h00 was ek in die bed, die boonste vlak van`n stapelbed. 20h30 het ek wakker geword toe "Van" van Heerder, die radio-operateur, ons op die radio roep. Ons het elke dag `n radio-skedule met hom 08h30 en 20h30. Ek was weer dadellik aan die slaap en word 21h00 wakker toe Huub sê: "Dis al nege uur; dis die laaste keer dat ons so laat slaap".Hy staan toe op en begin aantrek. Toe besef ek en Fanie dat hy dink dis 09h00! Ek het deurgeslaap tot 08h30 toe Van ons weer roep. "Dankie, alles in orde hier", sê ons. Te danke aan die kragopwekker se hitte was dit`n heerlike 0* C. in die kamer.

Na ontbyt is ons uit. Die wind het nog gewaai.( Hoe anders!) Tussen die substasie en die see is `n diep vallei met`n hoë bult oorkant en dan die see. Ons het die vallei gekruis en die bult uitgeklim terwyl Huub landmeterspale gesoek en opmetingswerk gedoen het. Dit is `n gevaarlike crevasse ( skeur ) area en ons moes ons met tou aanmekaar vasbind en met pale proefsteke vooruit doen. Teen 12h30 was ons terug om tee te maak. Daarna is Huub weer uit om te gaan werk, maar was gou weer terug omdat die wind sterker begin waai het en die teodoliet te veel beïnvloed het.



TOTTAN BUKTA

Ons besluit toe om Tottan-bukta toe te stap. ( Bukta is `n Noreegse woord vir `n baai of inham.) Dis waar ons vanjaar met die RSA vasgemeer het. `n Deel van die bukta is net-net sigbaar vanaf die substasie. Net na 14h00 is ons hier weg, vasgebind aan mekaar en elkeen gewapen met`n paal en kamera. Ek loop voor, dan Huub en agter is Fanie. Hy weeg 200lb. en moet as anker dien. Dit was lekker om weer die baai te sien. Dit het natuurlik baie verander weens ysstortings en wegsakkings in die hele area. Links was`n baie groot skeur. Die see was nie meer bevrore nie, maar groot ysberge dryf rond. Die baai was gedeeltelik bedek met fyn ys of sg. “brash”. Dis`n pragtige gesig om daar 20 tree van die rand van die ys af te staan en die see en 100 voet hoë yswande te aanskou.Ek het verlang dat Norma daar kon wees om dit te aanskou, want hoe gaan mens ooit vertel. Ons besluit toe om al langs die linker arm van die baai te gaan stap sodat ons kon terugkyk na die area waar die skip vroeër gelê het. Ons moes toe `n groot draai stap om die massiewe skeur te vermy. Na`n myl se stap en soek na skeure, kon ons terugkyk en sien toe Adéle pikkewyne en twee robbe. Ons is toe terug op ons spore om die diere te gaan beskou. Pragtig blink en vet.Ons kon tot net 10 tree van hulle kom, want die afgrond na die water was somaar hier dig by ons. Dis te kostelik om hulle te sien loop---nes `n vet oumens. Toe ons terugstap huistoe, kyk ons kort- kort om na die pragtige gesig---- die wolke rooi-bruin voor die son en die see silwer gekleur deur die ys.

Ons was gedaan en honger! Dadelik begin kosmaak op die primus ( die primus wat later so`n duiwelse rol in ons ondervinding sou speel.) Ons kon nie wag nie en het eers`n pakkie beskuitjies verslind. Toe blikkiesvleis, spaghetti, boontjies en erte. Sjokolade dra ons altyd saam as ons uitgaan.

<u>Sondag 13 Nov. 1966</u> ( Terug by die hoofbasis.)

`n Avontuurlike week is verby ---`n week wat byna ons lewens gekos het. A.g.v. al die wedervaringe kon ek nie die dagboek op datum te hou nie. Ek gaan voort:

<u>Dit is Maandag 7 Nov. 1966</u>

Soos gewoonlik het Van ons 08h30 per radio wakkergemaak. Die nagte is nie te rustig nie. Ons is nog nie gewoond aan die gedoef—doef van die kragopwekker nie. Ek het opgespring en begin ontbyt maak. Al wat dit behels is om weer`n blikkie vleis, erte, boontjies of aartappel in`n pot kookwater te sit en te ontdooi. Ten spyte van die kragopwekker, is dit vanmôre onder vriespunt in die slaap-eetkamer. Alles is bevrore. Huub moet vandag sy werk afhandel, maar om hom aan die gang te kry, kos maar`n bietjie stoot. Hy werk met die teodoliet en ek en Faan meet afstande tussen punte met`n 300 vt. maatlyn! Oor`n afstand van `n halfmyl was ons net 3 duim uit. Die echo-apparaat is ongelukkig saam met die geoloë in die berge. Dit is maar vervelig en die windjie praat hier tussen jou blaaie.
Meeste van die tyd staan ons en niksdoen. Huub werk maar stadig. Om warm te probeer bly, loop ons draaie en staan en trippel en gooi spies met pale. Dis ongeveer -30* C. Huub gooi kort-kort skimpe dat ons moet gaan koffie drink, maar ek en Faan hou ons hard--- hy moet aanhou anders kry hy nooit klaar nie. Ek het Huub tog jammer gekry, want hy moet met dun handskoene aan die teodoliet werk en sy vingers het bitterkoud gekry. Toe hy 11h30 voorstel ons moet gaan eet, wou Faan niks weet nie. Ek het toe belowe as hy nog een punt doen, kan ons gaan eet. `n Halfuur na ete het ons weer vir Huub daar uitgesleep. Arme Huub! Ek en Faan het niks te doen gehad nie en net staan en kyk. Die wind het teen die aand gaan lê en dit was heerlik buite. Teen18h00 het ons doodmoeg sleepvoetend met pale, vlae en instrumente op ons rug by die substadie aangekom. 20h30 het ons die radio afspraak nagekom en ingekruip en heerlik geslaap.

Dinsdag 8 Nov. 1966

05h30 is ek deur Huub wakker gemaak om te sê dat die oliedruk in die kragopwekker baie laag is. Die naald staan reeds in die rooi en sodra hy die kop afhaal om olie in te gooi, spat al die olie uit. Hy kry die opwekker nie afgeskakel nie. Ek was baie vies, want toe Willie ons kom aflaai het, het ek aan hom opdrag gegee om alles i.v.m. die kragopwekker aan Huub te verduidelik o.a. ook hoe om af te skakel en olie by te voeg en weer aan te skakel en hier staan Huub nou en sê hy kry nie afgeskakel nie en die olienaald staan op rooi. Die VHF radio by die basis is altyd aangeskakel en gerig op die substasie en om 06h00 het ons begin roep. Om 06h20 het Van ons geantwoord. Hy het toe vir Willie gaan wakkermaak. Die opvangs was treurig, want ons antenna was byna heeltemal toegewaai onder die sneeu. Willie het aanbeveel dat ons somaar al die olie moes aftap en dan vervang. Met vars instruksies het ons toe die opwekker afgeskakel gekry. Toe ons die olie wou aftap, was daar niks om af te tap nie! Gou het dit weer funksioneer en is so aan Willie rapporteer.

Na ontbyt is ons weg op ons ekspedisie na 3 buktas: Polarbjön, Polarsirkel en Tottan. Ons het baie na hierdie dag uitgesien. Gewapen met kameras, toue, pale, sjokolade, beskuitjies, kompas en verkykers het ons om 09h00 koersgekies in`n suid-suid-westelike rigting.Toe ons by die afdaling na die eerste vallei wat na Polarsirkel lei, kom, het ons ons vasgebind en agtermekaar begin loop, 10 tree uitmekaar. Die sig was goed met`n windjie van so 10 m.p.u., eintlik ideale weer, min wolke.`n Ent uit op die pragtige blou see was gebroke pakys met verbasend min ysberge. In Maart was daar letterlik honderde ysberge. Versigtig het ons in die vallei afgedaal. Elke tree word ondersoek met`n paal. Soms breek die ys onder jou en sak jy`n entjie weg en dan staan jy stil en ondersoek die area om jou. Toe is ons die bult oorkant uit. Ek het gedurig loop en rondkyk om ons posisie in my geheue vas te lê, maar dis moeilik as daar so min landmerke is. Daar was altyd`n stryery tussen die manne waar die buktas presies is en hoe hulle ten opsigte van mekaar lê. Bo-op die bult het ons die eerste ware skeure teëgekom----die wereld was vol daarvan en omdat dit deur sagte sneeu gevul is, moeilik om te bespeur. Die eerste keer toe ons van hulle bewus word, was toe my "probe" verdwyn toe ek steek. Ek het vasgesteek soos iemand wat deur`n koeël getref is. Versigtig het ons daarom beweeg. Die hele bult was sag met krakende sponsagtige ys. Ons het geloop asof ons op eiers loop.Stadig het ons aan die anderkant afgedaal in die vallei wat na Polarbjön lei. Toe ons onder in die vallei aankom, was die ys weer hard en kon ons vinnig aanbeweeg. Dit was nog`n myl tot by die bukta. Dis bekend dat skeure meestal bo-op of langs die helling van bulte voor kom en dat dit die veiligste in die " rivierbed " is. Hier het ons dit presies so aangetref, maar toe ons egter`n kwartmyl van die bukta was, het ons reg in die middel van die"rivierbed" op`n ontsaglike oop skeur afgekom wat parallel met die "rivierbed"loop. Ons het ankerpale ingeslaan en elkeen het`n beurt gekry om nader te gaan en daarin af te kyk. Mens kon nie die bodem sien nie. Die wande het die pragtigste skakering van blou gehad totdat dit in`n swart gat verdwyn het. Na die see se kant kon mens weens die sakking van die sneeu`n goeie idee vorm waar die skeur loop. Ons was aan die regterkant van die skeur en afgesny van die bukta. Al genade was om om te draai en die skeur hoërop te probeer kruis. Toe die skeur net omtrent 20 voet breed was en ons dink dis veilig, het ons dit gekruis nadat ons die area deeglik ondersoek het. Faan het met sy 200 lb ankergegooi. Toe het ons afgedaal na die see. Aan die oorkant was talle groot oop skeure. Die laaste 300 tree het die ysbed baie gesak. Die hange van die bukta was ineengestort en ons kon tot byna by die water beweeg. Die baai was met dun ys gevul en`n klein Adele pikkewyn het opgewonde heen en weer daarop rondgehardloop en geskreeu om ons aankoms aan te kondig. Sewe ander pikkewyne het hul nie aan ons gesteur nie. Ons wou kyk hoe na ons aan hulle kon kom, maar`n verdagte area het ons gekeer. As mens hier deurval, is jy in die ysige water.



POLARSIRKEL BUKTA

Ons het teen die skuinste gaan lê en Marie beskuitjies en sjokolade geëet. Aan weerskante loodregte yswande van 100 voet, baai-ys, blou see , pikkewyne. Die stilte---die stilte!! En dan die verlatenheid en eensaamheid. Ek het aan Norma en Pa en Ma gedink en sou wat wou gee dat ook hulle dit kon belewe. Dis`n voorreg wat die hele jaar al die moeite werd sou gemaak het. Wat`n teenstelling van dit wat vir ons voorlê!


Na`n halfuur moes ons aanstaltes maak, want ons wou nog Polarsirkel bukta besoek. Om dit te bereik, moes ons net oor die bult stap, maar dit het beteken dat ons die groot skeur hier by die see moes kruis. Fanie dring aan dat ons moet probeer, maar gou verdwyn my stok in die skeur en ons beweeg toe parallel hoër op. Weer probeer ons tevergeefs kruis. Ons besluit toe om die area te verlaat. Dit het`n ontsaglike ompad beteken. Ons is toe al met die Polarbjön vallei op vir ongeveer`n myl en toe die bult uit en aan die anderkant Polarsirkel vallei af. Ook in hierdie vallei was`n enorme skeur, maar hierdie keer was ons aan die regte kant en het die bukta veilig bereik. Wat`n fantastiese baai, groter as al die ander twee. Ons kon tot redelik naby die wand kom en het 80 vt afgekyk op die water wat gedeeltelik bedek was met ys en groot blokke wat rondgedryf het. Ook robbe, maar geen pikkewyne.

Ons het nie lank vertoef nie, weer die vallei opgestap, die skeur veilig gekruis en die bult uitgeklim op pad na Tottan bukta. Teen hierdie tyd het ons bene begin les opsê. Die oppervlakte is nie meer so hard soos in die winter nie en mens sak dikwels deur en die mukliks aan jou voete is swaar. My arms het gepyn van die"probing".`n Argument ontstaan toe tussen my en Faan oor die posisie van`n sekere inham van die see. Al manier om dit toe op te los, was om al met die bult weer see se kant toe te stap om die buktas vanuit`n ander hoek te beskou. Dit het`n ekstra stap van twee myl beteken, maar ons het dit dadelik aangepak. Toe ons halfpad met hierdie tog was, het die wind skielik opgekom en die sigbaarheid het

dramaties afgeneem. Ons het onmiddellik omgedraai en teen`n vinnige pas begin terugstap. Toe ons regoor Tottan bukta was, het die sigbaarheid so verswak dat ons skaars die horison kon sien. Ek het toe voluit gestap. Ek het geweet Huub is gedaan en die tou tussen ons was styfgespan soos ek hom trek. Ons kon nie die substasie sien nie ( die ou windlaaier is die baken), maar ons het naasteby die rigting gehad. Met verligting het die windlaaier later in die mis en jagsneeu sigbaar geword en ek het die pas verslap. Die laaste half myl het ons stadig met lam pynende bene aangeslof. Die koffie was heerlik!

Na aandete het ons vir "Van" per radio geroep om te sê dat ons vanaand se 20h30 skedule kanselleer omdat ons pootuit is en vroeg gaan slaap. Ons sê toe ook dat Willie ons die volgende oggend kan kom haal. Ons werk is afgehandel en die buktas is besoek. "Van" moet ons ook nie môre-oggend wakkermaak nie. Ons wil laat slaap. As ons net maar geweet het wat die nag gaan oplewer, sou ons dit nooit gedoen het nie, hoewel dit waarskynlik geen verskil aan die verloop van sake sou gemaak het nie.

Huub rapporteer: " Alles is bakgat in die enginkamer. Die oliedruk is normaal". 19h00 is ons bed toe. 20h00 is al die ligte dood behalwe in die kombuis area van die kamer waar`n gloeilamp in die dak brand.



DIE OU NORWEEGSE SUBSTASIE

Ek gesels per radio met die basis

## Woensdag 9 November 1966

## By ons bekend as GATSITDAG

`n Dag wat ons drie nooit sal vergeet nie. Terwyl ek nou skryf, is dit 4 dae later en nou eers begin ek kalmeertablette drink. Vertraagde reaksie.


Na die vorige dag se kwaai oefening het ek morsdood geslaap. Huub vertel agterna dat hy net so na 01h00 effe wakker geword het en gewonder het hoekom ons vannag so baie wasem in die kamer maak. Hy het weer aan die slaap geraak.



Henry Fulton maak sy voete warm by die berugte PRIMUS

01h15 spring Huub en Fanie presies op dieselfde oomblik soos geweerskote uit die bed en skreeu: "BRAND!!" Gewoonlik sukkel`n mens om uit `n nou slaapsak uit te klim, Maar binne`n sekonde was ek daaruit. Van die gloeilamp in die dak, kon ek net`n flou geel filament sien. Die hele vertrek was in rook gehul en ek kon net-net vir Huub en Fanie uitmaak. Ek het op die boonste slaapbank geslaap en met die afspring, gryp ek my slaapsak en hardloop enginkamer toe terwyl ek vir die ander twee skreeu om aan te trek.

Die enjinkamer was totaal gehul in`n verstikkende swart rook en ek kon nie my hand voor my sien nie. Die houtvloer deur die jare deurdrenk met dieselolie, was aan die brand. Ek het die slaapsak as beskerming voor my gehou en tot by die brandende deel gegaan en die sak op die vloer gegooi.Toe ek dit optel, was daardie deel geblus en ek het dit op`n ander brandende deel gegooi, maar op daardie stadium het die vuur wat ek gemeen het dood was, weer opgevlam. Na`n paar herhalings, het ek tou opgegooi. In die proses het ek suiwer rook ingeasem en ek het duislig geword. Ek hardloop toe terug slaapvertrek toe en skreeu vir Huub en Fanie om klere saam te bring. Hulle was reeds gedeeltelik aangetrek. Terwyl ek sonder sukses klere soek, word ek so duislig dat ek vir hulle skreeu: "Ons moet hier uitkom!"



Die Substasie

Ek (bo) en Henry

lê en lees

Ek hardloop toe na die skaguitgang, maar voor ek die slaapkamerdeur bereik, word my bene lam en ek slaan neer. Ek was naar en wou opgooi. Al kruipende is ek verder tot by die skag. Hoe ek bo gekom het, weet ek nie. Fanie was reg onder my en het my gestoot. Die valdeur was vasge-ys en ek kon dit nie oop kry nie. Met Fanie langs my, het ons die deur geskouer tot dit met`n kraak oopgegaan het. Buite het die wind en jagsneeu gewaai en die sig was nie goed nie. Die temperatuur was in die omgewing van -30* C.

Daar staan ek toe buite op die sneeu: Kaalvoet, aan my lyf `n kort onderbroek, hemp en jersey; en `n broek in my hand. Al die ander klere wat ek geneem het, moes ek met die val en teen die leeruitklim, verloor het. Ek kyk so af na my kaal bene en kaal voete direk op die sneeu en ek dink: Hier kom groot moeilikheid! ( Ek onthou dit nog so goed soos gister. ) Huub moes my vashou terwyl ek my broek aantrek. Fanie was redelik aangetrek, maar het net`n paar kouse aan sy voete gehad. Huub was die beste daaraan toe. Hy het`n ekstra anarak by hom gehad en ek het my voete daarin toegedraai.

`n Graaf het regop geplant in die sneeu gestaan. Ek en Fanie het dadellik`n gat begin grawe en Huub is teen my instruksies weer in die skag af om nog klere te probeer kry. Ons slaapsakke bestaan uit twee dele: `n binne deel wat die dons bevat en`n dun buitelaag net vir beskerming teen vuilword. Huub kom toe uit met twee buitelae en een binne stuk en 4 mukliks. (`n Muklik is`n dun seil stewel wat strek tot die kuite.) Die mukliks was kliphard verys van die sneeu wat dit die vorige dag opgetel het en sonder binnesole. Dit het die tekstuur gehad van nat bokseil wat ge-ys het. Ek het die anarak van my voete afgegooi, die mukliks oopgebreek en my voete dankbaar daarin gesteek, want dit keer darem die wind af. Ek en Fanie het toe`n gat ongeveer 5vt by3vt en 4vt diep gegrawe, landmeterpale bo-oor geplaas en die twee skaapvelkomberse wat ons destyd oor die substasie se skag gegooi het, uitgegrawe en dit op`n paar planke langs die gat gesit om sodoende `n dak vir die gat te maak om die jagsneeu so ver moontlik uit te hou. Optimiste! Ons het toe in die gat geklim en die planke bo-oor ons getrek en toe in die slaapsak-buitelae geklim.



DIE GAT

Deur styf teen mekaar gehurk te sit, kon ons net-net in die gat pas.Toe ons by die skag uitgevlug het, was dit 01h20 en die son op die oggend-horison. Die weer was so dat ons alle hoop gehad het dat Willie later die oggend sou opdaag om ons te kom haal. Ons moes dus net probeer uithou tot dan. Dit was bitterkoud daar in die gat. Ons het sonder ophou geruk en my kakebeen was lam soos ek dit geklem het. Dit was onmoontlik om van posisie te verander. Die dak was nie dig nie en jagsneeu het op ons neergesif sodat ons later spierwit bedek was met sneeu. Die sneeu het deur die geringste openinkie in die dak gekom.

16h30 kon ons nie meer nie en het besluit om `n poging aan te wend om in die substasie af te gaan. Miskien het die vuur homself uitgewoed en was dit net beperk tot die enginkamer. As mens dan net die skag kon oophou en die rook laat ontsnap, kon mens die basis dalk gebruik.

Ons lig toe die een plank bokant ons kop op en kruip uit. Wat ons gesien het, het ons nie baie moed gegee nie. Die wind het nou sterk gewaai met meer jagsneeu. Ons grawe toe die skag oop nadat ons`n gat van 4x4x3vt gemaak het. Toe ons die valdeur oopmaak, borrel die rook uit. Dit het`n ontsettende slegte reuk gehad: `n mengsel van hout, olie en diesoline wat brand. Aangesien Huub die ligste was (123lb), het ons`n tou om hom vasgemaak en hy het toe in die skag afgeklim. Hy was skaars onder toe hy omdraai en snakkende na asem uitkom. Hy sê toe dit is onleefbaar daaronder. Hy het geen vuur gesien nie. Dit smeul dus. Ons verseël toe die skaguitgang en ook die dieselengin se skoorsteen om alle suurstof toevoer af te sny. Die lig was baie skerp en aangesien ons donker brille in die slag gebly het, moes ons maar met geknypte oë werk.

Ons besluit toe om die gat te vergroot. Die opening kon ons nie groter maak nie, want ons was beperk tot die grootte van die skaapvelletjies. Ons het dit toe 1voet dieper gemaak en die kante op die vloer ondermyn. Toe is ons weer terug en klim in die ysige slaapsakomhulsels in. Die koue was onbeskryflik. Ons het steeds onophoudelik geruk. Spasie was`n probleem. As iemand van

posisie wou verander omdat`n arm of been doodgesit of gelê is, moes almal van posisie verander. Ons het probeer lê; twee onder en die ander een half bo-oor die ander. Die jagsneeu het steeds op ons neergesif. Dit was 07h00 toe ek dink wat die kanse is om terug te stap basis toe. Dis 14 myl. Terwyl ek dit oorweeg, sê Faan hy wonder wat ons kans is om terug te stap. Huub sê toe hy weet nie of hy dit sal maak nie, maar ons moet besluit wat die beste is.

Faan kruip toe eerste uit en sê die weer is nie te sleg nie ---- ons kan stap. Ons sou die skaapvelle, planke, pale, slaapsakke en graaf saamdra. Vol moed kruip ek uit, maar besef onmiddellik dat Faan se oordeel hom lelik in die steek gelaat het ( miskien was hy net desperaat.) Die wind het byna stormsterkte gewaai en die sigbaarheid was beroerd met`n verblindende lig. Ek sê toe ons kan nie stap nie. Ons sal verdwaal. Ek kruip toe terug in die gat gevolg deur Faan. Nou het dinge baie lelik begin lyk. Ons het`n week van mooiweer agter die rug en`n weeklange storm was byna onvermydelik. In die huidige omstandighede sal ons`n week nooit oorleef nie.

In die anarak ontdek Huub toe 3 blokke sjokolade. Ek rantsoeneer dit toe tot`n halwe blok per dag. Ons het toe kwaai dors geword. Af en toe het ons sneeu geëet, maar dit verlaag jou inwendige temperatuur en dit irriteer jou mondslymvlies. My mond het later geswel en rou gevoel. Ek het die manne se aandag probeer aftrek deur oor koeitjies en kalfies te gesels, maar het min respons gekry. Ek het vertel van my en Thys se Suid-Wes naweek , van ondervindings van ryloop ens. en vir Faan uitgevra na hul verblyf in Rhodesië, maar hy het net ja en nee geantwoord. Buite het die wind geloei en dit was baie seker dat Willie ons nie sou kon kom haal nie. En ons het"Van" die vorige aand laat weet om ons nie 08h30 per radio te roep nie, want ons wou laatslaap. Hulle weet dus nie van ons penarie nie. My hande en voete het kwaai begin pyn, maar dit was darem`n aanduiding dat daar sirkulasie was.

Teen 10h00 was ek stokstyf en my spiere seer van die ruk wat toe al 9 ure aangehou het. Ek het klostrofobie ontwikkel. Almal het skynbaar dieselfde gevoel, want sonder dat enigiemand iets gesê het, het ons skielik saam opgestaan en die dak afgegooi. Buite het die wind nog stormsterkte gewaai. Ons besluit toe om weer te gaan kyk hoe dit binne die basis lyk. Ons het die valdeur oopgegrawe, Huub met`n tou gebind en so is hy weer in die skag af. Hy skreeu toe dat dit effe beter lyk, hoewel daar nog kwaai rook by die enginkamer uitborrel. Hy vra toe nog`n tou en ons trek toe`n 4 gellingkan met paraffien uit. Die volgende items is toe gered: primus, vuurhoutjies, kastrol, kas kos, skaapvel, res van die slaapsakke (behalwe myne wat in die enginkamer in die slag gebly het ) , blikoopmaker, brille, kledingstukke sodat elkeen`n windbroek, paar kouse en handskoene gehad het---- en my kamera! Terwyl Huub onder was, skreeu ek vir hom om die vuurblusser in die enginkamer te gebruik. Hy rapporteer toe dat die vuurblusser nie werk nie! Toe hy uitkom, was hy gedaan en het na asem gesnak. Ons het gedink dat ons nou soos konings gaan leef, min wetende van hoe dinge verkeerd gaan loop!

Alles is in die ondermynde deel van die vloer gepak en toe is ons een vir een soos meerkatte daarin. Dié keer kon ons die dak beter verseël met my langonderbroek wat Huub uitgebring het . Dit was so voel sneeu dat ek dit nie kon gebruik nie. Die eerste wat ons gedoen het, was om kouse en handskoene aan te trek. Laasgenoemde was nie van veel waarde nie, want dit was dun gebreide materiaal en buitendien is handskoene in Antarktika nie veel werd nie . Dit moet duimhandskoene wees.

Toe ons buite was, het die band van Fanie se windbroek gebreek en terwyl hy voorrade uitgetrek het, het sy broek tot op sy knieë gesak en sy army broek was nou bedek met jagsneeu. Sy anarak het opgewaai en ook sy rug was nou bedek met sneeu. Gedurende die oggend se sit in die gat, het sneeu ook gedurig by ons krae ingewaai en ons het nooit besef hoeveel sneeu wel ingekom het nie Nou moet die primus opgesteek word. Ek het die primus tussen my bene gesit. Na ongeveer 20

vuurhoutjies, het ek die paraffien in die bakkie aan die brand gekry en toe ook die primus. Die eerste wat ons gedoen het, was om sneeu te smelt en water te drink, want ons was baie dors. Daarna het ek`n blikkie aartappels en`n blikkie beeswors ontdooi en ons het heerlik geëet. Fanie en Huub het met hul vingers geeët en ek het die dekseltjie van`n oopgesnyde blik gebruik. Ek het die kos tot 2 blikkies per dag gerantsoeneer. Ongelukkig was daar nie sop of koffie in die kas nie. Dit was eers na die ete toe ons agterkom dat ons nou sopnat is. Veral Fanie het dit ontgeld. Ons was tot op ons vel nat.

Nou moes ons kyk of ons ons klere kan droog kry. Veral ons handskoene en kouse was waternat. Nadat ons die water uitgewring het, het ons dit oor die primus probeer droogmaak. Almal het`n beurt gekry. Dit was`n tydsame proses en ons was van 13h00 tot 17h00 daarmee besig. Gedurende daardie tyd was ons in`n uiters ongemaklike posisie, want die spasie was nou nog kleiner met die primus in die middel. Die hitte van die primus het die wande van die gat gesmelt en mens kon nie daarteen leun nie. Tog kon mens dit nie verhoed nie en die agterkante van ons anarakke was sopnat. Ons het op ons hurke gesit met ons nekke vooroor gebuig om die nat dak te vermy. Krampe was iets wat ons baie gepla het en ons kon nie in hierdie posisies bly sit nie. Hoewel Fanie nog deur en deur nat was met Huub en ek nie veel beter nie, het ons besluit om die primus dood te maak. Die nat gat kan dan weer vries wat beter is. Die hitte van die primus was baie welkom, maar ons het die droogmaakproses verloor en natter word. Met die primus uit die pad, kon ons ons bene rek. Dit was`n hele proses om Groot Fanie in sy slaapsak te kry. Ek en Huub moes dit vir hom aantrek terwyl hy hom met sy hande oplig. Sy slaapsak het net tot sy bors gekom, myne tot by die skouers en Huub het somaar in syne verdwyn. Ons was uit ons slaapsakomhulsels omdat ons dit aan die buitekant probeer droogmaak het, maar nou maak ons die ontstellende ontdekking dat die sakke binne in sopnat is.



Jan Smit en ek (regs)

tydens storm.

Die primus was skaars dood toe ons agterkom in watter gemors ons nou is. Ons nat klere het op ons lywe begin vries en ons het weer aan die ruk gegaan. Ek weet nie wat die onaangenaamste was nie: die dele van die klere wat verys was of die dele wat nog nat was nie. Ons het nou op`n skaap-velletjie gelê: Huub en Fanie onder en ek bo-oor hulle. Die primus het ook die daksneeu gemelt en die skaapvel was nat en die dak het agterna nog vir`n hele tydjie gedrup: in jou gesig, in jou nek en op jou kop. My hare was in toutjies gevries. Ons was totaal uitgeput en ek het vir`n salige 15 minute geslaap om net weer van`n golf rukke wakker te word. Fanie het ook vir`n paar minute weggeraak, maar Huub het somaar lank geslaap, ek skat so`n uur. Ek het`n pyn tussen my blaaie ontwikkel en soms effe gehoes. Ek was egter baie bekommerd oor Fanie. Groter dele van sy lyf was nat. Hy het sonder ophou geruk en die geluide wat hy gemaak het, het my skoon ontstel. Ek het kort-kort gevra: "Faan, hoe gaan dit." Dan kom die bewende antwoord: " Goed" of "So bietjie koud" of "Ek kan darem nog my tone voel".

Teen 20h00 besluit ek so kan dit nie aangaan nie. Die primus moet maar weer aangesteek word ten spyte van al sy nadele. Ons moes ook ten alle koste vir Fanie droër kry. Sommige dosies vuur-houdjies was nutteloos. Na 3 dosies se vuurhoudjies getrek is, het een aan die brand geslaan en ons kry toe die primus aan die gang en Fanie het dadellik begin uittrek. Die stoom het getrek soos die water uit sy klere verdamp. Dit was nog klam toe hy weer aantrek, maar hy het baie beter gevoel. Ons het`n pakkie Marie beskuitjies oopgemaak, maar dit was oneetbaar soos dit na brandende olie gesmaak het. Toe het ons maar`n paar blokkies sjokolade geëet en terug in die nat slaap- omhulsels geklim en die primus doodgemaak. Weer het ons klere begin vries. Ek het vir 15 min. geslaap.

Ons het geweet dat die basis teen dié tyd bewus daarvan was dat die 08h30 radiokontak nie nagekom was nie. My opdrag aan Christo was die volgende: As radiokontak verbreek word, sal ons om 12 uur middernag Verey pistoolfakkels afskiet: Twee groen fakkels beteken alles is wel. Twee rooi fakkels beteken dat hulle ons die volgende dag moet kom haal. Vier rooi fakkels beteken dat ons onmiddellik gehaal moet word indien die weer dit enigsins moontlik maak. Die probleem was dat dit om 00h00 al so lig was dat die fakkels moontlik nie gesien gaan word nie.

Om 23h45 het ek my mukliks wat kliphard verys was, eers oopgebreek en aangetrek. My beesvel-duimhandskoene was ook kliphard en met ys aan die binnekant uitgevoer. Dit is egter beter om dit aan te trek as om kaal hande in die wind uit te gaan. Faan en Huub het in die gat bly sit. Hulle het nie meer kans gesien nie. Die jagsneeu het kwaai op die dak opgehoop en ek moes met alle krag druk om die plank en skaapvel op te lig. Ek was baie verlig om te sien dat die wind afgeneem het en dat die sigbaarheid goed was. Ons toestand was egter so dat ons nie meer in staat was om`n terugtog aan te pak nie. Gelukkig het ons die fakkels buite in`n blik gelaat. Om die tyd om te kry, het ek gedraf, getrippel en toneraak-oefeninge gedoen. Dit was heerlik! Presies 1 minuut voor 00h00 het ek elke 30 sekondes `n rooi fakkel afgeskiet tot al 8 afgeskiet was. Die fakkels gaan omtrent 200 voet op en kom dan baie helder al brandende af. Hoewel dit om middernag baie lig was, was ek hoopvol dat die fakkels gesien is, want na die noorde oor die see was`n donker blou wolkbank waarteen dit gesien kon word. Terwyl ek nog buite was, het ek die manne gevra om die primus op te steek, want die ys in my mukliks het gesmelt en my kouse was nou sopnat. Terug in die gat het ek my voete oor die primus hehou. Mens moes versigtig wees om nie te brand nie, want die sensasie was maar bitter min. Om te keer dat die gat weer nat word, het ons die primus gou afgeskakel. Huub kom toe met`n klein Bybeltjie uit sy sak tevoorskyn en lees Psalm 23.

As die fakkels gesien is, sal iemand vir Willie gaan wakker maak ( dit sou 30 minute neem! ) Hy sal dan noodkosvoorrade, `n kombuiskas en tent moet oplaai en dan die onbenydenswaardige taak hê om die muskeg in -30* C aan die gang te kry. Ek werk toe uit dat hulle teen 04h30 hier kan wees. Huub sê hulle kan al 03h00 hier wees!

Dit was ons gespaar om nie te weet dat die fakkels nooit gesien is nie. Om 02h00 sê Huub: " Hier kom die muskeg! Hoor julle hom nie?" Dit was die wind.

By die basis:

Dis 01h00. Willie kan nie slaap nie en gaan kombuis toe vir koffie. Hier kry hy vir Durand Barnard en Dave Homan. Skynbaar is die feit dat Van nie radiokommunikasie om 20h30 met ons kon maak nie, nie baie ernstig opgeneem nie. Christo het ook rapporteer dat geen fakkels gesien is nie. Willie sê toe vir Durand dat ons maar gehaal moet word, dat Durand moet saamgaan en dat hy vir Durand om 06h00 sal wakker maak. "Nee, dis te vroeg ", sê Durand. Nou is dit Dave se beurt: "Maar hoekom ry julle nie nou nie?". "Kom ons ry" sê Willie en begin voorrade bymekaar maak. Om die muskeg aan die gang te kry, word'n blouvlam eers opgesteek, daarmee oor die enjinblok gespeel, die vonkproppe word verwyder, eter word op die silinderkoppe gegooi en hopelik is jy oppad.

Om 03h10 was daar die harde onmiskenbare gedreun van die muskeg hier bokant ons koppe.Byna oor ons dak gery. Dit was die mooiste geluid!!

Faan het eerste sy kop by die gat uitgesteek en Willie en Durand het hom oopmond aangegaap. "Wat gaan nou aan?", vra Willie. "Die substasie het afgebrand" sê Faan. Hulle wou ons eers nie glo nie, maar toe ons al drie voor hulle staan en hulle ons so beskou, het hulle gou besef wat hier aan die gang is. Hulle wou eers fotos van ons en die gat neem, maar ons wou niks weet nie. Ons wou net huis toe! Toe ek die fakkels afgeskiet het, was die weer mooi, maar nou was dit'n ander storie. Die wind was weer stormsterkte en die sigbaarheid beroerd. Ons drie saam met Willie het soos sardientjies in die muskeg ingeprop. Durand was agterop die oop slee terwyl teen die wind in gery is. Ek ken dit. Dit is nie so erg nie . Die sneeu wat die muskeg opskop, bedek jou en beskerm jou teen die wind!

Om 05h00 was ons tuis. Ons is dadellik af kombuis toe waar die stoof aangesteek is. Ek het eers'n koppie warm swart koffie gedrink. Ek glo nie ek sal ooit weer'n koppie koffie so geniet nie! Daarna'n sny brood en'n bord warm sop.

Terwyl ons eet, vra ek vir Willie wie die fakkels toe gesien het. " Nee, ons het geen fakkels gesien nie. Sytze het om twaalfuur toe hy buite weerwaarnemings gedoen het, gekyk, maar niks gesien nie". Hulle was ook nie juis bekommerd oor ons nie, omdat hulle gemeen het die verbreking van die radio- kontak is te wyte aan'n kragonderbreking. Hulle het ook geweet ons het paraffien,'n primus, lantern, kos en'n paraffienverhittingsstofie. " Maar waarom het julle ons dan in die middel van die nag kom haal?", wou ek weet. Willem se antwoord was tipies van hom: " Sommer malligheid."

Die sneeusmelter het oorgeloop en ek het glad nie skuldig gevoel toe ek'n groot warm bad gaan steel het nie. Ek kon voel hoe die hitte in my lyf indring. Ek het aan elkeen antibiotiese kapsules, 3 APCods en twee Nembutals (slaappille ) gegee. Ek kan nie onthou dat ek in die bed geklim het nie. Ek het soos'n klip geslaap tot drie uur die middag. Toe ek wakkerskrik, voel ek die muur teen my rug en vir'n rukkie het ek gemeen dis Faan wat agter my lê en weer die gevoel van die nat koue gat gekry.

Faan het kwaai waterblase aan beide voete ontwikkel Ek het net' n waterblaas aan my linker voet gehad. My vingers was vir 2 dae hard en gevoelloos en nou na 5 dae voel dit of ek dit op `n warm stoof gedruk het.

Vrydag 11 Nov.:

Ons is 16h00 hier weg met'n muskeg en twee slees om ondersoek te gaan instel na die skade en die oorsaak van die brand. Dié wat saam gegaan het, was ek, Willie, Christo, Sytze en "Van." Dit was die eerste keer vanjaar dat Christo en Van van die basis af weggekom het. Van is radio-operateur en is elke dag op diens. Op Saterdag, 12 Nov., moet daar egter radiostilte wees sodat daar geen steurnis kan wees gedurende die sonsverduistering nie. Al die ionosferiese instrumente sal op daardie dag oortyd werk. Dit het vir Van die kans gegee om weg te kom.

Ek, Van en Christo het agter op die slees gery. Die gekners van die slee op die sneeu en die neersifting van die sneeu wat die muskeg opskop, sal my seker altyd bybly.

By die substasie aangekom, het ons dadellik die skag oopgegrawe en Willem is met'n gasmasker en saamgepersde lug op sy rug daar af. 'n Rukkie later kom hy uit en met'n benoude stemmetjie vertel hy dat hy daaronder in die skag vasgesit het. Die skagvaldeur was nie dig nie en sneeu het ingesif en die onderend van die skag gedeeltelik blokkeer. In sy poging om deur te skroef, het hy vasgesit. Ek is toe met'n graaf af en het begin om die sneeu deur'n openinkie af te werk in die voorkamer in. Nie so maklik nie, want dit was donker daar onder. Ek is toe daar deur. Tot my verbasing was daar geen rook nie en die lug vars. Die slaapvertrek was in'n chaotiese toestand soos Huub alles in halfdonkerte omgekeer het in sy soektog na klere. Die oorsaak van die brand was soos vermoed is,'n kortsluiting in die kragdrade. Al skade was die uitgebrande battery, die drade en die houtvloer.

Toe het die manne aan die werk gespring om die substasie weer in orde te kry. Ek en Christo het die opgehoopte sneeu in'n dieseldrom na die oppervlakte uitgetrek. Dit was harde werk en het ons 2 ure besiggehou. Willem het die radio antenna buite met 8 voet verleng, Sytze het kos gemaak en Van het die slaapkamer aan die kant gemaak. Ek het al die ys teen die wande van die skag weggekap en'n nuwe langer leer ingesit. Met nuwe panele, het Willem die skag verleng sodat dit nou'n entjie bokant die oppervlakte uitsteek en dit sal vir'n tydjie nie nodig wees om te grawe om die skag te vind nie. Van en Christo het reeds in hul slaapsakke gelê toe ek, Sytze en Willie na 00h00 nog aan die skag gewerk het.

Toe die skag weer splinternuut was, het Willie onder gaan slaap en ek en Sytze het vir ons 'n tent opgeslaan. Hoewel dit lig was, het ons 'n Coleman lamp bo in die tent laat brand en hierdie keer was dit'n genot om in'n droë slaapsak te klim hoewel die slaapsaktemperatuur ongeveer – 30* C was. Ten spyte van die feit dat ons op ys gelê het, het ons heerlik warm geslaap. Teen oggend het dit begin sneeu en dit het soos fyn reëndruppels op die tent geklink. Die wind het aan die tent gepluk. Die atmosfeer was onvergeetlik.

08h30 het ek aangetrek. Vars sneeu het buite gelê. Toe ek onder in die substasie kom, het die res nog lê en slaap. Ek het die lig aangeskakel en vir hulle koffie in die bed gegee en daarna het hulle ook ontbyt in die bed gekry. Ek het skottelgoed gewas en hulle toe uit die bed gefoeter. Toe ons 10h30 ry, was alles blinkskoon en netjies, alles reggepak, beddens opgemaak, slaapsakke opgerol en vir oulaas het ek die sneeu uitgevee. Vir die hele jaar was dit vir my'n doring in die vlees dat die plek soos'n varkhok lyk as mens daar aankom. Sean en Henry het dit altyd net so gelos.
Van die substasie is ons "Plantasie" toe. Om die dromme uit te grawe, is ontsettend harde werk, want dit is ongveer 6 voet diep en vasgevries aan die ys. Ons was haastig, want dit het aanmekaar gesneeu en die sigbaarheid was swak. Na 3 ure se werk, het ons 37 dromme op die 2 slees gelaai.

Toe ons vertrek, het die sigbaarheid verbeter en die manne wou graag `n bukta by die see gaan besoek. Ek besluit toe op Tottan-bukta omdat dit die veiligste "pad" is. Willem sê hy ken die pad. Ek klim agterop die muskeg. Toe hy wegtrek, kies hy rigting somaar hier dwarsdeur die veld in die rigting van Polarsirkel se vallei. Ek beduie met swaaiende arms hier van bo deur die windskerm, maar wat ry is Willem. Ek was klaar kort van draad en humeurig. Seker maar nog reaksie en ek was doodmoeg. Ek stop toe vir Willem en vra hom wat hom besiel om hier in die vallei af te ry sonder om te weet of daar skeure is en dan ook nog in die verkeerde rigting. Hy beweer egter sy rigting is reg en Christo steun hom. Ek sê toe dat as hy nie luister nie, moet hy omdraai basis toe. Hy gee kop en ek beduie toe die pad soos ons dit gevolg het toe ons die skip afgelaai het. Hy het blykbaar Tottan- bukta met Polarsirkel- bukta verwar.

Dit is 12 Nov. 1966 en daar is `n sonsverduistering.`n Halfmyl van die bukta het ons stilgehou. Dit het weer begin sneeu en die sigbaarheid was swak, maar ons kon tog die son deur die mis en sneeu waarneem. ( Ongeveer 25% verduistering. ) Ons het ons met toue aanmekaar vasgemaak en vinnig afgestap bukta toe. Daar het ons fotos geneem en ek moes die manne aanjaag om klaar te kry, want die sigbaarheid het erg versleg. By die plantasie het ons die slees aangehaak. Nou het dit kwaai gesneeu. Hoewel ons met die koms elke halfmyl `n merkerpaal geplant het, was die sigbaarheid nou so sleg dat dit nie sigbaar was nie. Daar was geen horison nie en ons was in`n wit bol.

Ons is daar weg met `n sterk wind en sneeu van voor. Willem wat ry kon vanweë die aanpakking van sneeu en ys op die windskerm nie veel sien nie. Ek het agter bo-op die dromme gestaan en as ek `n paal sien, het ek die rigting beduie. Die muskeg het swaar aan die vrag getrek want die sneeu was sag. Ons het darem teen 6 myl per uur gevorder. Die gebrul van die muskeg, die gesuis van die slees op die sneeu en die geraas van die wind en sneeu, sal mens nooit vergeet nie. Na meer as 3 ure se ry, het ons by die basis aangekom, van kop tot tone toe onder die sneeu!



Fanie Venter, Huuh Czanik en ek.